Pierneef Gemeente
Die Boodskapper
26 Mei, 2024

Kantoorure: Ma, Wo, Vr. 8:00-16:00 **Sel:** 072 137 4407
Epos: kantoor@ngkpierneef.co.za **Bankbesonderhede:** NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA,
Tjekrekening: 281590621,**Takkode:** 01-4845
Leraar: Ds Paullet Grobler (076 841 1568 **Gemeente-Sekretaris:** Cecile Botha (072 137 4407)
Jeugwerker: Sandra Berger (061 930 6540)

9:00 Erediens en Kinderkerk

Prediker: Ds Paullet Grobler
Teks: Lukas 10 1-11 & 16-20

Teebeurt: Wyk E (Kerkraadslid: Cliff Thompson)

25ste en 26ste Laan

Kategese en Belydenis klas na die diens

Hierdie week:

27 Mei (18:30): Kerkraadsvergadering
29 Mei: Geen Bybelstudie en Bybelskool
1 Junie (18:00): Tienerkuieraand

Nuwe lidmate

Ons nooi nuwe lidmate om asb na die erediens tot voor die kansel te kom waar ons u graag wil ontmoet. In die voorportaal is ook vorms beskikbaar wat u kan voltooi sodat ons u vinnig kan leer ken. Lidmate wat ’n besoek verlang kan gerus die kerkkantoor kontak of kom inloer om ’n afspraak te maak.

Verjaarsdae

26/05	Mnr	Derek	De Wet
26/05	Mev	Eulali	Jacobs
27/05	Mnr	Magnus	Engelbrecht
29/05	Mnr	Jan	Engelbrecht
30/05	Me	Renitia	Rousseau
31/05	Mev	Sofia	Schutte
31/05	Mev	Ina	Liebenberg
01/06	Me	Elize	Crafford
01/06	Mnr	Tony	Grota

Lief en Leed

- Bid dat die verkiesing goed sal gaan.
- Bid vir ons land se mense vir wysheid.
- Bid vir ons leiers.
- Beth Malherbe wat herstel na ‘n skoueroperasie.
- Angelique Mulder en haar gesin. Haar oupa is Dinsdag oorlede.
- Christo Kok wat gediagnoseer is met kanker.
- Amanda Brand wat herstel na ‘n operasie.

Tienerkuieraand

01 Junie 18:00 tot 20:00 in die konsistorie
“Quiz Night" vir al die kategese en belydenisklas jeug.
Eet en drinkgoed word voorsien.

Jou Groeisaam uitnodiging:

"Van Binne na Buite".

Ons gaan saam gesels oor:

- geestelike vorming;

- om Jesus-gelykvormig te word;
- oor hoe die beelde wat ons van God, onsself en die evangelie het, bepaal hoe ons dink en leef;
- hoe om te groei in ons vriendskap met God deur eenvoudige geloofspraktyke.

Ons begin Saterdag 1 Junie die oggend hier by ons en dan weer aanlyn Donderdag aande vir 6 weke. Ons gebruik materiaal van www.renovare.org.

Ons stap graag hierdie stukkie pad saam met jou. Laat weet asb teen 27 Mei of jy deel wil wees.

Paul en Erna Rheeder
084 383 9417

Sop vir die Winter projek!

Daar is 'n lys in die voorportaal waar jy jou naam kan opsit as jy gewillig is om sop te kook. Ons oogmerk is om tenminste 5 liter 'n week te kry om te vries in liter houers. As jy net 1 liter kan skenk is dit welkom.
Ons wil hierdie sop hou om uit te deel wanneer iemand kom kos vra gedurende die winter of as ons genoeg het, vir Dorkas te gee. Sop gaan 'n ver ent en is voedsaam.
Ons wil nog steeds ook lkg margarien houers bymekaar maak vir vries doeleindes. Indien jy kan help met houers/sop is jy welkom om ds Paullet te kontak (asook jou naam op die lys te sit).

DORKAS SE KOMBUIS

Ons lewer weer volgende week voorraad by RHS af vir 40 gesinne. Ons voorraad staan reg, danksy die volgehoue bydraes wat Dorkas se Kombuis ontvang

Daar is al genoem van die ouetehuis in Waverley, vir wie ons van tyd tot tyd van die voorraad wat ons vanaf die Moot -Sorgsentrum ontvang gee soos bv. die onlangse pakkies soutkoekies.
Ons wil asb vra vir bydraes van **komhuishanddoekrolpapier** vir die handdoekrolstaanders wat Willem vir die ouetehuis gemaak het.
Dan vra ons ook asb vir **bokse tissues** vir dieselfde ouetehuis.
Die winter pla maar die neuse ☺

Dankie vir die warm omgee harte waarmee Dorkas se Kombuis ondersteun word. Ons gee ook alle eer aan ons Liewe Vader, Wie nog elke keer voorsien het as dit skraps gaan en Wie ons pogings bless.
Blessings vir die komende week.
Mooi dag daar.

Bankbesonderhede: M Janeke : Capitec Spaarrek nr. 1651207

‘n Heerlike veilige en baie netjiese enkelwoonstel (Studio - 36m2) op 'n woonerf met 'n stoepie en mooi uitsig oor die Moot, Geleë heel bo in 25ste Laan bokant Pierneefstraat teen R4600.00 per maand. Gerieflike privaat kuierarea langs die woonstel en swembadarea vir gebruik van inwoners. Rustige, vriendelike omgewing is ideaal vir enkellopende professioneles, studente of persone wat van die huis af werk. Onderdak parkering en parte gaste parkerings beskikbaar binne die erf. Water gemeter en vooruitbetaalde elektrisiteit.
Beskikbaar van 1 Junie. Huur en deposito vooruitbetaalbaar.
Stuur 'n boodskap aan (Fanus) 0659634950 om te besigtig.

Vars voorraad Hoender is weer beskikbaar
Heel hoenders, opgesnyde hoender en “Starpacks”
Botter teen R65 vir 500g
Farina Hondekos – R100 vir 8kg sak
R275 vir 25kg sak